Sondag **15 September**

**Skrifgedeelte: Jesaja 40:6-8; Psalm 119:97-104**

**Fokusgedeelte: Psalm 119:98-100,104 (AFR53)**

**HERE, leer my die wysheid van u Woord!**

As jy al gehoor het van plagiaat, weet jy dalk dit beteken om ’n ander se gedagtes en argumente oor te neem en te sê dis jou eie. So dit is nie jou oorspronklike idees nie, jy het dit by iemand anders gesteel.

Ons sal dit sekerlik nie beskryf as wys nie: nie wyse optrede nie, asook nie die manier om wysheid te bekom nie – om as ’n wyse persoon te probeer bekend staan ... deur ander se idees te gebruik.

Maar wanneer ons graag vashou aan wat Jesaja 40:8 sê, kom ons eie idees en wysheid nie in gedrang nie? As ons glo: die woord van ons God hou stand in ewigheid ... dan is dit tog nie ons woorde waaraan ons vashou nie? Dis mos nie ons gedagtes wat ons leer nie. Dis mos nie ons woorde wat ons vir ander vertel nie. Dis mos nie ons idees wat ons aan ander oordra nie.

Dit is so, ons hou dit nie voor as ons eie nie. Ons maak nie asof ons dit uitgedink het nie. Maar dan moet ons erken dat wanneer ons van hierdie waarhede van God se woord getuig, dit nie ons oorspronklike idees is nie. Dit is Godgegewe. Dis sy woord.

En tog sê die Psalmdigter dat hierdie woorde van God hom wysheid gee: *Ek is verstandiger as al my leermeesters, want u getuienisse is my bepeinsing* (vs 99, vgl. vs 98, 100, 104).

Hier sien ons ’n wonderlike saak: Iemand anders se woorde maak ons wys – God se woord. Dit is nie ons idees en gedagtes nie, maar dit verander ons denke sodat ons verstandig word en wys word.

Wysheid, vir die kind van God, kom nie uit homself op nie. Dit is nie om konstant aan die voorpunt van nuwe denke en idees te wees nie. Soos toe hulle op die Areopagus wou hoor wat Paulus sê (Hand. 17:21). Dit is beslis nie om die agenda van die dag te dryf of in jou lewe te integreer of om seker te maak dat jou teologie dit weerspieël nie. Dit is om die woord van God, wat onveranderlik is, te bepeins ... te bewaar ... te bespreek.

Wysheid is om jou agenda te laat vaar en God se wet se agenda te bedink. Om wys te wees voor God is om jou idees te laat vaar en sy gedagtes en argumente in jou lewe te integreer. Dit is om sy woord lief te hê – Hom lief te hê.

*Sing: Psalm 119-1:37, 38*

*Ds. DJ (Dirk) Dykstra (Nigel)*